# 4 *Vrydag*

**SKRIFGEDEELTE: HOSEA 1 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: HOSEA 1:9, 12**

## Lo-Ammi – Hoe voel God oor jou?

Wanneer volwasse kinders hulle eie lewens deur sonde verwoes, ry ouers se emosies wipplank. Enersyds word ons kwaad vir hulle. Andersyds is ons baie hartseer en besorgd oor hulle.

So beskryf die profeet Hosea God se gevoel oor sy volk. God is kwaad, maar voel ook "hoe kan Ek jou aan rampspoed prysgee!" (Hos. 11:8). Sy emosies wissel. Sy Vaderhart is in Hom omgekeer. Feitlik elke hoofstuk van Hosea beskryf God se hart so. In hoofstuk 1 sien ons dit in die naam Lo-Ammi ("nie My volk nie", vs 9) wat weer verander na Ammi ("My volk", vs 12).

Waarom voel God so? Hosea profeteer in 'n baie interessante tyd. In die Weste word die Romeinse Ryk in die agtste eeu vC "gebore". Paaie brei uit. Die Olimpiese Spele begin en die Griekse taal versprei oor die Mediterreense wêreld. Die Grieke ontwerp demokrasie as regeringsvorm. In die Ooste kom die Chinese en Indiese beskawings in beweging. Israel bevind hulle letterlik op die hoofroete, midde-in 'n snel veranderende wêreld. Hulle is God se volk, hulle lewens moet oor Hom getuig.

God haat die sonde! Sy hart is verskeurd oor sy volk se afgodery! Daarom beveel Hy Hosea om met 'n prostituut te trou as simbool van sy volk se ontrouheid. Een van die kinders gebore uit hierdie gebroke huwelik moet die naam Lo-Ammi kry.

God se bedoeling is nie om Israel te ontvolk nie, maar tot bekering te roep (lees Hos. 14:10!). Hulle wou egter nie. Daarom word die Tien Stamme tien jaar ná Hosea oor die wêreld verstrooi.

Ons vervang nie God se volk Israel nie. Tog noem Hy ons in Jesus sy volk (Kol. 3:12). Getuig jou lewe van Hom midde-in 'n wêreld vol nood? Is sy hart verskeurd oor jou?

*Sing: Psalm 25:3 (1936)*

*Dr. Jacob Pretorius (Linden)*